No 1 - 2016] DERDE SESSIE, VYFDE PARLEMENT

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE VAN DIE WES-KAAP

====================

# VRAELYS

## MONDELINGE BEANTWOORDING

====================

Nota: * Dui vertaalde weergawe aan.

**DONDERDAG, 14 APRIL 2016**

**INTERPELLASIES**

***1. Mnr M Mnqasela vra mnr A W Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning:**

Of daar enige voorstelle bestaan om die befondsingsmodel vir munisipale toelae in Suid-Afrika te herstruktureer?

*(40)*

***2. Mnr M Mnqasela vra mnr A W Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning:**

Wat die (a) gevolge van korrupsie en (b) impak daarvan op dienslewering aan die mense van Suid-Afrika is?

*(41)*

***3. Mnr R B Lentit vra mnr A W Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning:**

(a) Wat die gevolge van koolstofbesoedeling op weerverwante rampe in die provinsie is en (b) oor watter maatreëls sy departement beskik om die gevolge van uitlaatgasse te bekamp en om koolstofemissies te verminder?

*(42)*

**VRAE VIR MONDELINGE BEANTWOORDING**

**1. Mnr P Uys vra me H Zille, Premier:**

(1) Of die staatsveiligheidsdiens op haar en haar kabinet gespioeneer het; so ja, (a) wat die redes daarvoor was en (b) wat sy daaraan gedoen het;

(2) of daar steeds op haar gespioeneer word; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

*(32)*

**2. Mnr P Uys vra me H Zille, Premier:**

(a) Wie se selfone in die provinsie ondersoek is met die tendertoekenning van R115 800 aan Eagle Eye Solutions Technology, (b) wat hulle bevindinge was en (c) watter stappe tans gedoen word om die selfone van die Premier en Kabinetslede teen meeluistering te beveilig?

*(33)*

***3. Mnr K E Magaxa vra mnr B S Madikizela, Minister van Menslike Nedersettings:**

Wat sy departement doen om aandag te skenk aan die uitsetting van behoeftige gesinne van openbare grond af in Acaciaweg, Parkwood?

*(30)*

***4. Mnr K E Magaxa vra mnr B S Madikizela, Minister van Menslike Nedersettings:**

Wat sy departement doen om brande by informele nedersettings, veral by (a) Masiphumelele en (b) Imizamo Yethu, te voorkom?

*(31)*

***5. Mnr N E Hinana vra mnr D Plato, Minister van Gemeenskapsveiligheid:**

Of daar oor maatreëls beskik word om die voortdurende diefstal van kabels in die Wes-Kaap, en veral in die Kaapse- metropolitaanse gebied, te beperk; so nie, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

*(34)*

***6. Mnr N E Hinana vra mnr D Plato, Minister van Gemeenskapsveiligheid:**

Of daar oor maatreëls beskik word om skrootwerfhandelaars wat skrootverkopers help om handel te dryf met goedere wat onwettig verkry is, te monitor en te keer?

*(35)*

***7. Mnr R D Mackenzie vra mnr A R Winde, Minister van Ekonomiese Geleenthede:**

Of hy sy nuwe oopdeurkantoor by voorheen benadeelde gemeenskappe, soos gemeenskappe in Mitchells Plain, bemark; so nie, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

*(36)*

***8. Mnr R D Mackenzie vra mnr A T Fritz, Minister van Maatskaplike Ontwikkeling:**

Of daar enige klagtes oor die betaling van onderhoud ("papgeld") in die Mitchells Plain-gebied is; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

*(37)*

***9. Mnr M Mnqasela vra mnr A W Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning:**

(1) Of sy departement oor planne beskik om die getal wateringenieurs in die Wes-Kaap te vermeerder; so nie, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;

(2) watter rol munisipaliteite speel om die getal wateringenieurs te vermeerder?

*(38)*

***10. Mnr M Mnqasela vra me D A Schäfer, Minister van Onderwys:**

Of haar departement enige opgraderings by die bestaande Hoërskool iQhayiya in Zwelihle, Hermanus, oorweeg; so nie, waarom nie; so ja, wat die tydraamwerk is?

*(39)*

**11. Me L J Botha vra mnr A W Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning:**

Of ʼn bedrag van R1,8 miljoen aan die vorige munisipale bestuurder van die Cederberg-munisipaliteit uitbetaal is nadat hy geskors is; so ja, (a) waarom en (b) wat die (i) redes en (ii) prosedures was wat tot die uitbetaling aanleiding gegee het?

*(42)*

***12. Me L J Botha vra mnr A W Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning:**

(1) Of die Cederberg-munisipaliteit enige gelde aan Eskom verskuldig is vir die (a) 2013/14- en (b) 2014/15-boekjaar; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;

(2) of daar ʼn betaalplan tussen die Cederberg-munisipaliteit en Eskom bestaan het; so nie, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;

(3) of die munisipaliteit die bepaalplan eerbiedig; so nie, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

*(43)*

***13. Me L M Maseko vra mnr B S Madikizela, Minister van Menslike Nedersettings:**

Of enige jeugprojekte tans deur sy departement geïmplementeer word; so nie, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

*(44)*

***14 Me L M Maseko vra mnr B S Madikizela, Minister van Menslike Nedersettings:**

Of daar mense bo die ouderdom van 70 op die behuisingsdatabasis in die provinsie is wat vir toegewese behuising kwalifiseer; so nie, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

*(45)*